View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by Directory of Open Access Journals

# BOEKBESPREKING

H. Gollwitzer, **De rijke christenen en de arme Lazarus. De Consequenties van Uppsala,** Boekencentrum N.V., 's-Gravenhage 1969, 136 blz. Prys in Nedl. f1.5.90 (= ongeveer R1.20).

Hierdie geskrif is 'n vertaling deur H. A. Schreuder van die oorspronklik-Duitse boek wat onder die titel **Die reiche Christen und der arme Lazarus** in München verskyn het van die hand van die Berlynse teologieprofessor Gollwitzer. Hierdie boekie het as uitgangspunt die Algemene Vergadering van die Wêreldraad van Kerke wat in Uppsala in 1968, ook oor die probleme van die onderontwikkelende lande gepraat het. Daar het Gollwitzer onder die indruk gekom van die erns van die moontlikheid van 'n wêreldomvattende hongersnood in die onderontwikkelende lande, die noodsaaklikheid dat die Kerke hulle sal bemoei met die internasionale politiek en die noodsaak dat die Kerke sal moet meewerk aan die sogenaamde „ontwikkelingspolitiek".

Die boek begin met 'n uiteensetting van die „politieke konsekwensies" van die Evangelie. Op die noot wat hier geslaan word gaan die boek voort. 'n Stortvloed van woorde, sosialistiese leuses en opgewekte krete oor die selfgenoegsaamheid en beterweterigheid van die Kerke in Wes-Europa ('n saak wat ons in Suid-Afrika baie maklik kan aanvaar!) bied op die ou end nie veel konkreets nie. Interessante trekkies is die selfopgelegde „koloniale skuld" waaraan ook Gollwitzer ly (blz. 20). Daarop kan net gestel word dat dit tog so roerend is om te sien hoe dié skuldkompleks van die Wes-Europese kerke net die swartman van Afrika geld. Ek het nog nooit êrens gelees dat één Wes-Europese kerkman wat homself vandag beswaard voel vanweë Wes-Europa se koloniale verlede met één enkele woord verwys het na die 26,000 Boerevrouens en kinders wat in die Engelse konsentrasiekampe in Suid-Afrika dood is nie, of na die honderde Belge wat in die vroeë sestigerjare in die Kongo vermoor, verniel en beroof is nie of oor die Afrikaners wat uit Oos-Afrika verjaag is nadat hulle vir jare die ekonomie van daardie lande aan die gang gehou het en meer gedoen het vir die opheffing van die swartman daar as al die kerklike vergaderings wat onder die vleuels van die ekumeniese beweging gehou is. Tog merkwaardig. Dié kerkmanne van Wes-Europa met hulle „beswaarde gewetes" put hulle uit om verskonings te maak teenoor die swartman van Afrika en in dieselfde asem hits hulle die swartman op om die Boerevolk van Suid-Afrika se voortbestaan te bedreig (vgl. bls. 23). Dit wil voorkom asof die los 3 miljoen dooies van die Nigeriese „burger"-oorlog nog nie genoeg bloed was wat in

Afrika gevloei het nie. Dit alles bring mee dat ek met groot skepsis die **bona fides** van hierdie Westerse kerkleiers bekyk en hulle ge-oliede sosialistiese uitsprake wat so 'n ietwat Bybels vermom is, nie te gou vir soetkoek opeen nie. Die vraag bly staan: Wie dien hulle? Die Evangelie van Jesus Christus of die doeleindes en oogmerke van die internasionale sosialisme?

Dit geld veral wanneer ook Gollwitzer 'n betoog hou ten opsigte van die „regverdige rewolusie". Alles hang tog maar uiteindelik af van wie die regverdiging van die rewolusie sal uitspreek. Die ervaring leer ons dat in die jongste tyd die ekumeniese beweging alleen die kommunistiese, gewelddadige magsoornames goedkeur. Die situasie in Griekeland word ewe naïef 'n „staatsgreep teen die demokrasie" genoem. Minder naïef sou die uitspraak wees as hulle dan sou bysê dat hulle bedoel: demokrasie soos dit agter die Ystergordyn bestaan; So stadigaan word mens ook maar verveeld met die entoesiastiese ophemeling van uitgelese skurke soos Camillo Torres, 'n verloopte roomse priester wat 'n komunistiese agitator en terroris geword het; Che Guevara, 'n vriend van die kommunis Fidel Castro wat al meer mense in Kuba laat doodskiet het as wat die ekumeniese beweging kon bekeer en dan Martin Luther King wat dit darem gepresteer het dat sy volgelinge 'n paar stede in Amerika afgebrand het. Dit is nou die „helde" van die ekumeniese teologie! Vandaar die vraag: Wie word nou gedien? Jesus Christus die Gekruisigde en Opgestane Heer?

'n Paar afsluitende hoofstukke van Gollwitzer se boekie handel oor die studente-opstande.Die hoofstukke is dusdanig naïef geskrywe en met so 'n yslike blinde kol na links dat ek wonder of dit veel sin het om hierdie uitsprake te aanvaar as 'n objektiewe bespreking van 'n kommunisties-geïnspireerde aftakelingsproses wat in Wes-Europa aan die gang gesit is. Dit lyk veel eerder na 'n propagering en stimulering van 'n bepaalde beweging wat formeel en materieel veral sy verbintenisse het in die rigting van die opvattings van Marx, Trotsky, Mao Tse Tung en dergelike. Dit is tog merkwaardig hoe netjies die ideologieë van links, die ideologieë wat voortgekom het uit die ongeloof en die verwerping van Jesus Christus (en dit nou ook nog verkondig) daarin geslaag het om mense in die Wes-Europese Kerke éérs op die verdediging te plaas en nou al so ver het dat hulle allerlei drogredenasies uitvoer om te bewys dat die Evangelie uiteindelik tog maar dieselfde sê as Ho Chi Minh of Che Guevara. Gollwitzer gaan nie alle opsigte so ver nie en sy redenasies in hierdie verband is meer genuanseerd. Tog lê dit soms nogal in hierdie lyn.

Die groot tekortkoming van hierdie boek is egter dat daar **géén konkrete aanduiding** is van hoe die ryk christene van die Weste nou uiteindelik die „arme Lazarus" van Afrika gaan help nie. Dit bly maar by 'n stortvloed van woorde. Daar word dan ook geen plan aan die hand gedoen nie. Die probleem van die boek is ook en dit is terselfdertyd die tragiek daarvan, dat daar géén pleidooi gelewer word om die Evangelie, die Jesus Christus van die Skrifte, aan die swartman van Afrika te kom verkondig nie. **Dan** sou die Kerke in Wes-Europa 'n blywende bydrae kan maak. Maar solank hulle die Evangelie verwar met die sosialisme van een of ander terroris wat opgepomp is tot 'n „verlossingsfiguur", sal hulle nie veel verder kom as om rusie te maak oor die vraag of hulle 1% of ½% of 'n ¾% van hulle inkomste moet afstaan om aan die swartman van Afrika yskaste, motorkarre en geld beskikbaar te stel nie. As dit al is wat die Kerke in Wes-Europa Afrika kan bied, dan sal dit miskien goed wees as hulle 'n slag 'n konferensie hou oor die vraag of hulle daardie soort van hulp nie maar vir hulleself moet hou nie. As die Kerke van Wes-Europa nie die Evangelie van Jesus Christus, die Gekruisigde en Opgestane Heer kan en durf verkondig nie, as hulle nie meer die geestelike durf het om hulle verbintenisse met die afgodiese sosialisme te verbreek nie het hulle niks om aan iemand, waar ter wêreld, te bied nie.

Miskien moet hierdie boekie tóg gelees word sodat mens 'n slag onder die indruk kan kom van die werklik geestelike bankrotskap van Wes-Europa wat hier ook gesuggereer en gedeeltelik bedek word onder 'n stortvloed van geleerde woorde.

— A. D. Pont.

---

**Auf den Weg. Luterisch-reformierte Kirchengemeinschaft.** Berichte und Texte, zusammengestellt und herausgegeben vom Sekretariat für Glauben und Kirchenverfassung. Uitgegee as Polis 33 in die Evangelische Zeitbuchreihe wat onder redaksie van Max Geiger, Heinrich Ott en Lukas Visscher staan. Uitgewers EVZ-Verlag, Zürich 1968, 188 bls.

Hierdie interessante geskrif is die weergawe van gesprekke wat in die jare 1963-1967 gevoer is tussen verteenwoordigers van die Lutherse en Calvinistiese Kerke in Europa. Hoewel die gesprekke in verskillende lande gevoer is, is gevoel dat die feit dat die Lutherse en Calvinistiese Kerke as kerklike gemeenskappe wyer strek as die suiwer nasionale kerke, dit tog noodsaaklik is om hierdie gesprekke in breër verband beskikbaar te stel.

Die boek word in twee dele verdeel. Die eerste deel dra die titel: Eergebnisse der Lutherisch-reformierten Gespräche in

Europa. Daarin word dan gehandel oor die **loci:** die Woord van God, die Wet, die Belydenis. Die tweede deel dra die titel: Bericht und Dokumente aus den einzelnen Ländern. Hier word dan stukke gegee uit Tjeggo-Slowakye, Nederland, Skotland, Duitsland, Frankryk en die V.S.A.

Hierdie besonder interessante boek gaan uit van die standpunt dat die teenstellings tussen die Lutheranisme en die Calvinisme, soos dit in die 16e eeu na vore gekom het, tog baie van hulle skerpte verloor het. Maar die wesenlike van dié verskille bly nóg bestaan. Die gedagte is dat alleen voortgaande bestudering en bespreking van die teologiese posisie en standpunt van die twee deelnemers aan die gesprek die moontlikheid kan skep dat die verskille uiteindelik oorwin kan word. Wesenlike verskille is onder andere die vorm van die godsdiensoefening; die formulerings in die Belydenisskrifte; die organisasie en struktuur van die Kerk (S. 24 en 25).

Die geheel van die boek is nie alleen interessant en leersaam nie maar ook belangrik. Hier word 'n stuk teologiese besinning gebied wat van eindeloos meer positiewe waarde is as al die populêre en belangrik-klinkende frases wat deur die ekumeniese beweging die wêreld ingestuur word. Die vermoede bestaan egter dat hierdie soort arbeid bo die intellektuele vermoë is van die gemiddelde sosialis wat so entoesiasties aan die ekumene meedoen.

Graag wil ek hierdie boek aanbeveel vir sorgvuldige lees en bestudering. Hoewel die gesprek met die Lutherse Kerk in Suid-Afrika geen aktualiteit is nie en dit ook seker nie gou sal kan word nie, is die sorgvuldige standpunt-omskrywings wat hier gegee word meer as die moeite werd om van kennis te neem. Die tyd wat aan die bestudering van hierdie boek gegee word is tyd wat goed bestee is.

---

**Revolutie en Gerechtigheid.** Nota van de Raad voor de zaken van Overheid en Sameleving aangeboden door het Breed Moderamen van de Synode van de Nederlandse Hervormde Kerk, Boekencentrum N.V., 's-Gravenhage 1969, 80 blz.

Hierdie boekie van tagtig bladsye wat om verskillende redes lesenswaardig genoem moet word, moet volgens die **Voorwoord** nie beskou word as 'n standpunt van die Moderamen van die Nederlandse Hervormde Kerk nie maar as 'n poging om besinning oor die aangeleenthede wat hier behandel word in die Nederlandse Kerk te stimuleer. Die indruk bestaan dan ook dat hierdie „besinning" in 'n bepaalde rigting gestimuleer word.

Die **Raad voor de zaken van Overheid en Samenleving** het met hierdie **Nota** uitgegaan van die samesprekings van die Wêreldraad van Kerke wat in 1968 in Uppsala gehou is. Die besluite wat daar geneem is, is vir hierdie **Nota** as rigtinggewend beskou en dit word dan ook kritiekloos en sonder nadere analise as die gegewene aanvaar. Dit is dan ook opvallend hoe in hierdie **Nota** rustig gepraat word oor die vanselfsprekendheid van 'n „rewolusionêre situasie" wat in die wêreld ontstaan het. Geen poging word aangewend om **die herkoms** van hierdie „rewolusionêre situasie" aan te dui of te ontleed nie. Dit laat natuurlik 'n ernstige leemte in die hele betoog en klink netso vreemd soos die koddige redenasie dat omdat daar veranderinge in die wêreld is, daarom is die Here God in die wêreld besig (vg. bls. 47 vg.). Die moontlikheid dat die veranderinge wat plaasvind die resultaat kan wees van die indringing en deurwerking van die imperialistiese strewe van die internasionale kommunisme word nie eers genoem of in oorweging gebring nie. Dit laat 'n reeks van vraagtekens onstaan oor die realiteitssin van hierdie **Nota.**

As hierdie paar aangeleenthede oorweeg word tesame met ander getuienis wat in die **Nota** self gevind kan word, dan word die indruk geskep dat ons hier te make het met 'n stuk „teologie" wat vanuit sosialistiese voorveronderstellings bedryf word. Nie net die teologie nie maar ook die beoordeling van die werklikheid geskied vanuit 'n eensydige politiek-links georiënteerde standpunt.

Hier kan byvoorbeeld verwys word na die interessante uiteensetting wat op bls. 19 gevind word. Dáár word die kommunistiese magsoorname in Kuba goedkeurend aanvaar. Daardie gebeure word in die **Nota** aanvaar as 'n ontwikkeling „die op rechtvaardige verhoudingen in de samenleving gerich zijn". Die „rewolusie" in Griekeland egter, waar die leër 'n kommunistiese magsoorname gefnuik het, word met sigbare afgrysing in die **Nota** beskrywe as 'n „pseudo-rewolusie". Dit word op die voetspoor van die hele internasionale propaganda beskou as 'n „dictatoriaal kolonelsbewind". Die bloedige diktatuur in Kuba ondervind egter géén sensurering nie.

Op bls. 21 word 'n lysie gegee van lande en plekke waar „schrijnende, mensonwaardige sociaal-economische wantoestanden bestendigd (worden), waarbij de meeste geraffineerde vormen van onderdrukking en geweld, tot aan wapengeweld toe, niet worden geschuwd." Op daardie lysie pryk (wie het dit anders verwag?), óók Suid-Afrika en Rhodesië vanweë dan, as addisionele „sonde", die „rechteloosheid van de gekleurde bevolking". Vanuit Suid-Afrika gesien kan die hele betoog dan nie anders

gesien word as interessante skerts nie. Want as dit die weloorwoë mening van die **Raad voor de zaken van Overheid en Samenleving** verteenwoordig dan is dit tog duidelik dat die hele **Nota** se geloofswaardigheid ernstig aangetas word. Hier word oor Suid-Afrika 'n oordeel gevel wat eerder op linkse propagandaverhale gebaseer is as op feitelike gronde. Interessant is dan ook dat, volgens die **Nota,** daar géén „schrijnende, mensonwaardige . . . wantoestanden ens.," bestaan in die Afrikalande Zambië, Tanzanië, Nigerië, Soedan en dergelike meer nie. Dan verwys mens nie eers na die lande agter die Yster-gordyn of na Rooi-Sjina nie. Sou dit wees omdat dáár **die rewolusie** geseëvier het, **'n Christelike Kerk** daar niks oor te sê het nie?

Geheel in dieselfde lyn lê die waarderende geluide wat in die **Nota** gemaak word oor die sogenaamde **Black Power**-beweging in die V.S.A. en die studente-opstande aldaar. Sou die opstellers van die **Nota** ooit rekening gehou het met die uitsprake van J. E. Hoover, die hoof van die Amerikaanse FBI? Te oordele na die beoordeling van dié genoemde bewegings bestaan die indruk dat die Raad geen of weinig kennis dra van die agtergronde van byvoorbeeld die SDS in die VSA en die **Black Power**-beweging nie.

Is dit toevallig as die Raad, ten opsigte van die studente-opstande in die V.S.A. stel: „ . . . dat juist de grote en aan de moderne maatschappij aangepaste universiteiten als Bergeley en Columbia de zetels van krachtdadige revoltes zijn geweest" (bls. 26)? Dit is inderdaad korrek. By Berkeley en Columbia het die liberalisme, die kommunisme en die leerstellings van Marcuse so ingedring en geldigheid verkry dat studente-opstande dáár moontlik was. Aan die universiteite in die VSA en Kanada waar liberaliste en kommuniste nié aangestel is as deel van die doserende en administratiewe personeel van die universiteit nie, het daar nié opstande ontstaan nie. Daar het die studente hulle besig gehou met die nogal ouderwetse besigheid om te studeer. Dit is egter opvallend dat 'n Christelike Kerk universitêre gemeenskappe wat deur die kommunisme gerysmier en selfs gedomineer word, as „aan de moderne maatschappij aangepaste universiteiten" kwalifiseer. Sou mens hiervan moet aflei dat volgens die opvattings van hierdie Raad die **moderne maatschappij** in sy optimale vorm in die kommunistiese lande gevind word? Is dit 'n „moderne maatskappy" waar die Christelike Kerk gemaak word tot 'n onderdeel van die Veiligheidspolisie en die belydende christene gemartel en vermoor word? Is 'n maatskappy **modern** as hy slawekampe, slawe-arbeid en die teregstellingsmuur noodsaaklik beskou om dáár alle protes te smoor?

Die indruk bestaan baie sterk, by die lees van hierdie **Nota,** dat dit hier eerder gaan om die propagering van bepaalde sosialistiese ideale en opvattings, versier met 'n teologies-klinkende sousie, as om die uitbou van **'n Bybelse teologie** wat in hierdie tyd ter sake genoem kan word.

Die **Nota** gaan, soos die titel dit ook aandui om die begrippe **rewolusie** en **geregtigheid**. Die bedoeling van die **Nota** is, so lyk dit by die deurlees daarvan, om 'n reverdiging te vind vir die rewolusionêre gedagtes wat vanuit die sosialistiese wêreld en denke in die Weste gepropageer word. Daardie regverdiging word dan ook gevind.

Rewolusie word omskrywe as alle tegniese, sosiale en politieke veranderings wat vinnig, volgens 'n bepaalde plan, deurgevoer word om 'n totaal-nuwe samelewingspatroon te vestig. Onuitgesproke, hoewel dit telkens deurskemer, is die behoefte wat skynbaar bestaan om die hele oorspronklik-Christelike beskawingsorde wat in die Weste bestaan, tot op die grond af te breek (bls. 9, 10, 17). Die afbraakgedagte triomfeer voordurende (bls. 10). Die redes waarom dit moet gebeur, is omdat die Westerse beskawingsorde op **geweld** gebou is, omdat dit polities volkome oligargisties sou wees; slegs aan enkelinge baie aardse rykdomme gee; en ten derde burokraties sou wees. Hier vind mens dat die heimwee na mag, rykdom en losbandige vryheid vooropgestel word as 'n hoë doelwit wat die Christelike Kerk moet nastreef. Dié opvattings staan lynreg teenoor Mt. 4, maar Mt. 4 kan waarskynlik so ontmitologiseer word dat dit nie meer sal bots met hierdie puur-aardse ideaal nie. Die ergename in Nederland van die teologie van art. 36 van die NGB is beslis uit ander en sagter hout gesny as die vadere!

Opmerklik is dit dat die afbraak, die vernietiging van die bestaande orde as hoë eis gestel word sonder dat 'n alternatief aangebied word (vgl. bls. 38-39). Of hierdie vernietiging gewelddadig of nie-geweldadig, „legaal of illegaal" sal wees, is volgens die **Nota** nie ter sake nie (bls. 19) solank die spulletjie maar kort en klein geslaan word. Voorwaarde vir die hele afspraak is en bly egter dat die rewolusie **sosialisties** moet wees want as die rewolusie téén die sosialisme gaan, dan is dit pseudo-rewolusie! Wat 'n heerlike spel met woorde. Bedenklik word dit egter, teologies gesproke, as op bls. 48 aan die rewolusie 'n soort openbaringskarakter toegeken word.

Met meer propaganda as rustige beredenering roep die **Nota** die Westerse lande op om die strydbyl met die Kommunisme van die Ooste te begrawe om dan broederlik saam met die Kommuniste 'n stryd aan te bind teen die armoede, onderontwikkeling

en dies meer wat dan in die Suidelike lande van die aardbol sou bestaan. Hierdie opvatting dui ook die grenslose naïewiteit van hierdie **Nota** aan want dit weier om kennis daarvan te neem dat Sowjet-Rusland die grootste imperiale mag van die 20e Eeu is, 'n mag wat sy imperialistiese oogmerke nog vir geen enkele oomblik vanaf 1917 uit die oog verloor het nie. Dieselfde geld die oproep dat die Weste en die Kerk deelneming en steun moet verleen aan die (sosialistiese) rewolusies oral ter wêreld om dan uiteindelik 'n wêreldstaat met 'n wêreldregering tot stand te bring. Hier word 'n pleidooi gelewer vir 'n inherent sosialistiese toekomsdroom.

Dit alles sou miskien nog die oorweging werd gewees het as in die Kommunistiese lande onder die plak van Sowjet-Rusland en Rooi-Sjina iets van 'n blywende, Bybelse Christendom bly voortbestaan het. Maar die Christelike Kerk was in feitlik elke land wat kommunisties geword het die eerste slagoffer nié omdat die Kerk sogenaamd geïdentifiseer was of is met die pre-rewolusionêre besittersklas nie, maar omdat die Christelike geloof, die Kerk, die Bybel vir die Kommunisme anathema is.

Tog moet toegegee word dat hierdie **Nota**-skrywers nie 'n gebrek aan optimisme het nie. Dit sou, om nou maar hipoteties te word, interessant wees om te spekuleer hoe byvoorbeeld die Weste saam met Rooi-Sjina die stryd gaan aanknoop teen die armoede, agterlikheid en dergelike van byvoorbeeld Tanzanië om dan daar 'n „regverdige samelewing" op te bou waar die mens „na Gods bedoeling kan woon en hom kan ontplooi" (bls. 23). Nòg in Rooi-Sjina (so weet mens) nòg in die Weste (volgens die **Nota)** bestaan dit. Hoe sou hierdie magte dan so-iets êrens anders ter wêreld kan opbou? Maar diégene wat daaraan twyfel word dan ook summier met 'n anathema veroordeel (Bls. 30-31). Die rewolusie, so beweer die **Nota,** is gelyk aan „een scheppend handelen van God" (bls. 36). Die vraag kom onwillekeurig op of die nie-blankes wat in Potrugees-Oos Afrika deur die Rev. Uriah Simango se Frelimo uitgemoor, verkrag en verniel word dit inderdaad so ervaar! Hoe dit gerym word met die stelling op bls. 36-37 wat as volg lui: „De gerechtigheid Gods is altij een reddende gerechtigheid; de arme en vernederde, de verachte en die geen helper heeft, wordt geholpen en de mens die geen uitweg ziet, krijgt nieuwe hoop voor de toekomst" is nie volkome duidelik nie.

Dit sou verder interessant wees om histories te probeer vasstel watter realistiese en praktiese moontlikheid daar bestaan dat die Christelike gemeente die „geregtigheidskarakter" van die (sosialistiese) rewolusie kan verhoog, veral as mens in ag neem

dat in **alle** sosialistiese rewolusies die Christene wat nog werklik die Bybelse waarhede bely, die eerste teen die teregstellingsmuur beland. Maar mens moet besef dat die „Christendom" waarvan in hierdie **Nota** sprake is, nié die Bybels-reformatoriese Christendom meer is nie maar die sosialisties-geïnspireerde Christendom met sy „social justice" en „social gospel". Die „offer" van hierdie Christendom is dan ook volkome materialisties: „ . . . het prijsgeven van bezit en . . . het offer van een brok welvaartsgroei en van promotiekansen." (bls. 38).

Veral interessant is die beredenering in verband met art. 36 NGB en die Calvinistiese tradisies waarvolgens deelname aan 'n rewolusie geregverdig word. Hoekom dit gedoen word, is nie duidelik nie want normaalweg het die sosialistiese „Christendom" 'n hewige aversie téén die geskiedenis en alles wat mens daaruit kan leer. Miskien word bls. 42-45 ingevoeg as 'n soort poging om die gewetens van die leser te sus. Immers, soos ek dit verstaan, vind die moderne teoloog uit die kringe van die Wêreldraad van Kerke meer inspirasie by Moa Tse Tung, Ché Guevara, Debray en dergelike as by die Reformatoriese vadere.

Die hele idealisering van die rewolusie wat hier na vore kom sou enigermate aan realisme kon gewen het indien die **Raad voor de zaken van Overheid en Samenleving** slegs rekening gehou het met die imperialistiese ekspansiedrang van die internasionale Kommunisme. Dan sou hierdie **Nota** waarskynlik ook soberder van inhoud gewees het. Verder sou die **Nota** teologiese diepgang verkry het indien daar rekening gehou is met die feit dat die mens van nature 'n sondige wese is en dat selfs nie die sosialistiese mens aan daardie werklikheid ontsnap nie. As 'n teologiese **Nota** vind mens hier egter die verrassende tendens om eerder sosialistiese propagandaleuses tot „waarheid" te verhef as om ernstig rekening te hou met Bybelse uitsprake. Die sitaat van Hans Küng (aangehaal op bls. 61-62) sou miskien ook as norm vir hierdie **Nota** aangelê kan word en dan sou 'n uitspraak soos op bls. 65 dat die Wêreldraad van Kerke en dergelike liggame moet help by die opleiding van rewolusionêre figure miskien anders uitgeval het. Miskien moet daar, ten oorvloede op gewys word dat hoewel die Peking-kommunis Uriah Simango se domineestitel hom volkome aanvaarbaar maak vir die ekumeniese christendom die nie-blanke bevolking van Portugees Oos-Afrika die masjiengeweer koeëls, rooftogte en moordpartye van Frelimo nie juis kan ervaar as 'n bekendstelling van **Die Christendom** nie. Dit, al word Frelimo-lede in Dar es-Selaam opgelei en ondersteun deur verskillende aksies van die Wêreldraad van Kerke.

In die redeneertrant van die **Nota** waarvolgens swart wit is en wit swart moet mens jou sekerlik nie gaan verknies oor die

ellende, bloed, trane en vernitiging wat die moderne sosialistiese rewolusie saai en nog gaan saai nie. Eindeloos erger, so beweer die **Nota,** is die „rechteloosheid van de gekleurde bevolking" in Suid-Afrika en Rhodesië. Dit is dergelike stellings wat geen verband hou met die werklikheid nie, geen verbondenheid met die Evangelie openbaar nie en buitendien mank gaan aan swak logika wat hierdie **Nota** relegeer tot die vlak van 'n swak-geskrewe propaganda-pamflet.

Miskien sal dit tog goed wees as dit gelees word. Dit is wel interessant om te sien wat deesdae as „teologie" aangedien word.

— A. D. Pont.

---

Hans-Walter Schütte: **Religion und Christentum in der Theologie Rudolf Ottos**. Verslag Walter de Gruyter & Co. Berlin 1969. Prys onbekend.

Die teologie van R. Otto word hoofsaaklik beoordeel o.g.v. die werk wat hy in Das Heilige gelewer het. Dit werk 'n ongebalanseerde oorsig in die hand, en Schütte wil dan ook 'n meer oorsigtelike beeld kry oor die werk van hierdie outeur wat na die eerste Wêreldoorlog so 'n merkwaardige inslag gevind het met sy begrippe „das Heilige, tremendum en fascinans" — maar dan so dat „das Heilige" nieteenstaande sy besondere betekenis, as 'n moment in die ontvouing van die godsdiensproblematiek verstaan word. Die boek van Schütte toon die onderliggende strewe om 'n eenheidspunt te probeer vind wat die denke van R. Otto bepaal. In uitvoering hiervan kom die verhouding tussen religie en Christendom sterk na vore, en word in die boek uitgebou as die sentrale tema van Otto se werk. Daarmee kan onomwonde gestel word dat ons hier met 'n studie en 'n tema te doen het wat op die terrein van die teologie en veral die godsdiens-filosofie in hierdie moderne tyd die penne aan die beweeg het. 'n Skrywer wat uit die agtergrond van die 19de eeuse teologie stam kry dus hier besondere betekenis vir die nuwere tyd en teologie. In hierdie bepaalde onderwerp is daar werklik 'n „krisis van begrippe" wat veral met die religie te doen het. Schütte soek dan ook na 'n „Lösungstyp" in hierdie verband.

Schütte gaan nugter en krities-wetenskaplik te werk in sy poging om aan te dui hoe die denke van Otto probeer om die teëgestelde momente van die verhouding tussen religie en Christendom, die rede en die gees, te onthul. Eers begin hy deur die grondslae aan te toon vir die samehang tussen godsdiens en Christendom; daarna is die samehang self ter sprake en laastens die gevolge daarvan.

Wat die basis van die samehang tussen religie en Christendom betref, net die volgende: Otto het hierdie saak ontplooi asgevolg van sy studie van Luther oor die Spiritus Sanctus, en sy denke oor die akte van die religieuse ervaring. Die program van Otto bereik 'n hoogtepunt in die ontwerp wat gestimuleer is deur die invloed van Kant en J. F. Fries. Wie andersinds by laasgenoemde twee filosowe of Luther besondere interesse het. kry hier met die beligting van 'n besondere faset van húlle arbeid te doen. Vir Otto kulmineer die ondersoek in die kwessie van 'n religieuse aanleg en die oorsaaklikheid in die vorm van causa prima en secunda. Onder die werklikheid van hierdie religieuse aanleg skuil die problematiek van die hele Godsbegrip. Om dit onder oë te neem het Otto aandag gegee aan Schleiermacher, en aan hierdie aspek van Otto se werk het Schütte baie aandag gegee, byna tot op die punt van omslagtigheid. Maar die resultaat is bevredigend: Duidelik word aangedui hoe Schleiermacher se „Reden" sy denke oor die „Gefuhl" beïnvloed het, en gemaak het dat die begrip mysterium by hom onontbeerlik is. Otto was nooit ten opsigte van die rasionele denke 'n bevredigende teoloog nie. Sy sienswyse oor die teologie word dan ook helder deurlig en as't ware aan die kaak gestel, as hy beweer dit maak gebruik van materiaal wat in die religieuse belewenis gegee word, en is 'n „metafisika oor God, mens en wêreld, uit die rede en die openbaring verkry". Hoedat die invloede van Kant, Fries, ens., vir Otto van betekenis was, word op verdienstelike wyse gedoen in die hoofstuk oor teologie en filosofie. Schütte kon ook maar gesê het: By Otto kry ons eerder met godsdiensfilosofie te doen. van 'n filosofiese soort, as met teologie. Dit het Otto daaroor gegaan om die Christendom in te skakel in die organisme van die moderne kennis — waarvoor enige supranaturalisme asook godsdiensgeskiedkundige teorië belemmerend werk. Terwyl die gevoel in sy uiteensetting 'n groot rol speel, lê die crux van die saak daarby dat hy dit nie as rede sal gebruik om die menslike denke uit te skakel nie, maar om godsdiens en Christendom onder die bepalings van die „Vernunfd" te stel. Otto bly maar daarop uit om die laaste geldigheidsgrond van die religieuse waarheid prinsipieel binne die mens te vind — 'n aanwysbare aanleg. In elk geval word die onderskeid tussen teologie en filosofie opgehef; by Otto word teologie ook godsdienswetenskap as hy die samehang tussen die formele aprioriese faktore van menslike kennis en die konkrete empiries-geskiedkundige materiaal handhaaf.

By sy bespreking van die samehang self tussen godsdiens en Christendom verwys Schütte na Wundt, van wie die gedagte wat Otto oorneem, stam: dié gedagte naamlik dat daar sprake is van 'n „proses van ontwikkeling", waarby die kultuur sy rol

speel. Maar die grond van die saak is vir Otto daarin geleë dat nieteenstaande hierdie ontwikkelingsgang, waarin die hoëre godsdienstige elemente stry teen die laere elemente van die religieuse bewussyn (die heerskappy van demoniese magte en towerye) en hulle oorwin, daar 'n proses van „skematisering" is waarin die twee momente, die rasionele en irrasionele 'n betekenis verwerf as interpretasieformule. Hieruit kom sy kermerkende begrippe, die Numinose en die Heilige na vore, dit wat die manifestasie van die goddelike realiteit is, in die gestalte van die tremendum en fascinans. Hoe eng die samehang tussen godsdiens en Christendom vir Otto is, blyk uit die feit dat wanneer hy oor die kategorie van die Heilige en oor die etisering van die godsdiens praat, hy die terme van die Christelike teologie gebruik. Dit hang saam met sy opvatting dat die Heilige in die Christelike geloof sy besondere uitdrukking het. Die Christelike teoloog is steeds in staat om uit hierdie boek sy afleidinge omtrent die sienswyse van Otto te maak — Schütte dui die konsekwensies van sy denke duidelik aan.

Dit geld veral ten opsigte van die derde hoofdeel van die boek — die gevolge van hierdie samehang tussen godsdiens en Christendom. Dit geskied onder drie hoofde: Die Heilige en die Persoon Jesus, Religie en Christendom, Religie en Ethos. Ons wil nie daarvan 'n weergawe gee nie, maar meen dat hiermee 'n duidelike beeld gegee is wat die voornemende leser van die boek kan verwag.

Dit gaan hier nie om geloofsvrae nie, maar daar word op gelet hoedat die werk van Otto ook godsdiensgeskiedkundig bepaal is. Hy toon die eienaardighede van Otto se arbeid aan — hoe dit sy Glaubenslehre geen Christologie in die vir ons bekende vorm het nie. Hierdie boek het die besliste bate dat dit die hele teologie van Otto wil omvat. In die derde deel kom weer sy boek „Reich Gottes und Menschensohn" hoofsaaklik ter sprake. Daarin is die gestalte van Otto se Christologie gevorm.

Hierdie boek is by uitnemendheid vakliteratuur vir die godsdiensfilosoof en vir diesulkes 'n waardevolle aanwins. Die teoloog sal egter aanvaar dat dit nie geskryf is vanuit die bepaalde teologiese standpunt van 'n leser uit die kring van Afrikaanse Hervormde geledere nie. Daarom sal so 'n leser, benewens 'n waardering vir 'n baie goeie en wetenskaplike suiwere arbeid van Schütte, ryke geleentheid hê om sy eie gedagtes te laat gaan oor die saamhorigheid van Christelike geloof en menslike denke, die „gevoel" as betrekkingspunt ten opsigte van religieuse gegewenhede, die verband tussen Christelike en humane, ens.

Die boek word afgesluit deur 'n aanhangsel van bepaalde briewe van medegeleerdes aan Otto, in die tyd van sy arbeid aan sy bekende boek. Dit bied 'n blik vanuit 'n ander rigting oor sy werk.

— C. J. Viljoen.

---

M. W. Steenmeyer — Van Rij, **Godsdienstige opvoeding in deze tijd.** Benadering van 8, 9 en 10- jarigen in de kinderdienst, Boekencentrum 'S-Gravenhage 1969. Sagte band.

Hierdie geskrif is no. 33 in die reeks: Praktisch Theologische Handboekjes.

Die skryfster gaan uit van die standpunt dat daar van „eigentijdse vormen" wat eers gesoek moet word gebruik gemaak moet word, as ons die hedendaagse kind wil bereik. Vir haar is dit só dat die hedendaagse kind in eerste instansie in die ouerhuis godsdienstig opgevoed moet word. Die probleem is egter dat hierdie opvoeding slegs nog in 'n baie klein persentasie van die ouerhuise gegee word. Bowendien is dié opvoeding dikwels ook nog ontoereikend en oud-modies sodat dit as gevolg van gebrekkige opvoedkundige insigte presies die teenoorgestelde van wat bereik behoort te word, verwesenlik. Daarom moet van kerkweë in die grootste aantal gevalle ingestaan word vir die ouerhuis en in baie gevalle moet selfs reggestel word wat in die ouerhuis verknoei is.

Vir die skryfster is die antwoord op hierdie probleem die kinderdiens. Eerstens wil sy dat die kinderdiens die Sondagskool sal vervang. Indien dit die sondagskool as vorm van kategetiese bemoeienis alleen geraak het, kon ons sondermeer akkoord gaan met die skryfster. Maar dit lyk tog of sy met Sondagskool die ganse kategetiese bemoeienis bedoel. Die vorm wat die kategese dan behoort aan te neem is die kinderdiens. Tegelyk is die kinderdiens ook die volledige kategetiese bemoeienis wat gemaak moet word. Dit vind ons bedenklik, en veral as die kinderdiens wat dan wel 'n vorm van „gemeentezijn" is, ook nog radikaal losgemaak word van die erediens van die gemeente, lyk dit na 'n ernstige dwaling.

Die skryfster wil dan ook dat vir elke leeftydsgroep 'n sogenaamde diens gehou word waaraan „van het kind uit" en „van God uit" vorm gegee word. Dit word egter spoedig duidelik dat die „van-het-kind-uit" die normatiewe is. Vandaar uit word dan byvoorbeeld verklaar of liewer aangeneem dat dit in die Bybel hoofsaaklik tog maar handel oor dinge „die niet des kinds zijn." Dit lei tot allerlei willekeurighede betreffende die seleksie en aanbiedingswyse van die Bybelse stof omdat seleksie

en aanbieding geheel afhanklik gemaak word van die leiers van kinderdienste se insig in die belewingswêreld van die groep ten behoewe van wie hulle optree. Wat meer is: pedagoë en ontwikkelingssielkundiges kan nie eers onder mekaar eenstemmigheid kry oor wat nou wesenlik tot die belewingswêreld van die verskillende ouderdomsgroepe behoort nie. Wie se insig moet die kerk nou volg? Iemand se insig moet gevolg word anders kan die stof nie gekies en die aanbiedingswyse nie bepaal word nie.

Daar kan baie, 'n mens wil amper sê eindeloos baie, prinsipiele en praktiese besware teen hierdie en talle soortgelyke geskrifte wat op dieselfde terrein verskyn ingebring word. Hulle hoef egter nie genoem te word nie. Elke predikant behoort hierdie geskrif noulettend te bestudeer, want dit word daagliks noodsaakliker om kennis te neem van wat op hierdie terrein in die wêreld gedink, gesë en geskryf word — al is dit dan ook net om met insig hardop **nee** teenoor hierdie geskrifte wat ewe vrolik van die mens wil uitgaan en daarvoor van so 'n „teologiese handreiking" wil gebruik maak, te kan sê.

— J. I. de Wet.

---

D. J. Karres, **De gemeente en haar diakonaat,** Boekencentrum N.V., 'S-Gravenhage 1969, sagte band, prys nie vermeld nie.

Die boek het as no. 32 in die bekende reeks Praktisch Theologische Handboekjes verskyn. Die skrywer wil die gemeente voorgaan in 'n besinning oor die diakonaat sodat die dienswerk aan armes en siekes beter tot sy reg sal kom in die wêreld. Hierdie poging lei onvermydelik tot 'n besinning oor die inhoud en betekenis van die diakensamp, omdat dit die taak van die diaken is om die gemeente toe te rus vir die diakonale dienswerk. By so 'n herbesinning sal die ouderlings- en predikantsamp ook aangeroer moet word, aangesien die besondere ampte nooit waterdig van mekaar afgeskei kan word nie. Hierdie sake kom dus ter sprake.

Die skrywe begin sy besinning oor hierdie saak met 'n grondige ondersoek van die Skrifgegewens in verband met die barmhartigheidsdiens. Hierin is die groot verdienste van die boek geleë, want dit is die regte teologiese werkswyse. Daar is egter sommige van sy insigte en konklusies waartoe hy geraak, waarmee mens nie kan saamstem nie. Onses insiens vereng hy die bybelse begrip diakonia in so 'n mate dat alle diens van en aan God uiteindelik in die daad van noodleniging moet kulmineer. Dit verbaas dan ook nie as hy na aanleiding van Mattheus 25 verklaar dat die gelowige Christus in sy verdrukte, noodlydende, onderontwikkelde medemens ontmoet nie. (Hiérdie opvatting, tot

sy uiterste konsekwensie deurgetrek, is eintlik tog niks anders as afgodery nie! Karres gaan egter nie sovér nie.)

Hierdie kritiek neem egter nie die feit weg dat daar ook die verdienstelike dinge in die boek is nie. Ons noem enkele dinge: Hy sien in en hou ook daaraan vas dat barmhartigheidsdiens gedoen moet word op grond van Gods opdrag. Die liefde vir die medemens speel wel 'n groot rol daarin, maar kan nie as die grond van die barmhartigheidspleging beskou word nie.

'n Ander saak wat hy goed raakgesien het, is dat die diaken nie net kollektant of aandraer van pakkies is nie maar ook tot taak het om die gemeentelede toe te rus vir hulle barmhartigheidstaak. Hierdie saak word meestal in geskrifte oor die diakensamp totaal oor die hoof gesien.

Al die insiggewende dinge kan egter nie opgenoem word nie. Die lees van die boek lewer in elk geval baie wat beslis behartenswaardig is vir elkeen wat besef dat die gemeente te alle tye geroep is om met meer pastorale bewoënheid gemeente te wees. Terwyl daar tans hier by ons ook hernieude belangstelling vir die diakensamp bestaan, kan hierdie boek met groot vrug bestudeer word en heelwat bydra tot ons eie besinning.

— J. I. de Wet.

---

Dr. H. M. Kuitert, **De Realiteit van het Geloof**, over de antimetafysische tendens in de huidige theologiese ontwikkeling, J. H. Kok N.V., Kampen 1966.

Die probleem wat Kuitert in hierdie geskrif bespreek is eintlik die nuwe teologie en die vrae wat die nuwe teologie stel. Hy sien hierdie nuwe teologie as anti-metafisies. Dit beteken vir Kuitert hoegenaamd nie dat die nuwe teologie anti-metafisies is omdat dit die goddelike werklikheid ontken nie. Hy sien die anti-metafisiese karakter van die nuwe teologie daarin dat hierdie teologie besig is met die vraag of moontlikheid om algemeengeldige waarheid omtrent God en sy Openbaring te formuleer. Die nuwe teologie is eintlik anti-metafisies omdat dit sterk stelling inneem teen die pretensie dat die teologie begrippe en voorstellings gebruik wat nie net vir die gelowige wat hierdie begrippe en voorstellings gebruik, sin het nie, maar vir alle gelowiges en die hele mensdom gelyke waarde besit, dus algemeen-geldig is. (Bls. 23).

Uit die behandeling van hierdie anti-metafisiese teologie, blyk dat die skrywer 'n diepgaande studie gemaak het van teoloë soos Fuchs, Ebeling, die Robinsons, Bultmann, Bonnhoefer en andere. Dit is natuurlik belangrik, want hier kry 'n mens gevolglik te doen met 'n behandeling en beoordeling van hierdie nuwe teologie vanuit die geskrifte van die be-oefenaars daarvan self

en nie vanuit die geskrifte van die kritici daarvan alleen nie. As 'n soort inleiding in die teologiese denke van hierdie anti-metafisici, is hierdie boek besonder handig — veral omdat dit 'n mens ook beweeg om weer na die geskrifte van hierdie teoloë terug te gaan.

Kuitert sien hierdie anti-metafisiese teologie as 'n ontspoorde teologie (bls. 153). Tog meen hy dat hierdie teologie ook bepaaalde fasette na vore gebring het wat vir die teologie van wesenlike belang is. Hiervan noem hy die feit dat elke teologie wat, soos die reformatoriese teologie, Skrifteologie wil wees, minstens met dankbaarheid kennis moet neem van die sentrale plek wat hierdie teologie aan hermeneutiek toeken.

Dit is noodsaaklik om die geskrif te lees ten einde te begryp waarom hy hierdie teologiese ontwerpe wat „meedrag" om „bij te zijn" 'n soort paniek noem. Elke ernstige student van die hedendaagse teologie behoort die boek van Kuitert beslis te lees.

— J. I. de Wet.

---

**Jaarboek voor de Eeredienst 1967-1968,** Uitgegeven voor de Raad van de Eredienst van de Nederlandse Hervormde Kerk, Boekencentrum N.V., 'S-Gravenhage.

Tot bladsy 45 word in beslag geneem deur wat genoem kan word 'n diskussie oor die begrafnisdiens. Lekkerkerk verdedig die standpunt dat die begrafnis 'n familie-aangeleentheid is. Brink staan op die standpunt dat die begrafnis 'n kerklike aangeleentheid is. Dit is 'n baie insiggewende gesprek wat in ons eie besinning werklik verhelderend kan inwerk.

Ook die ander artikels bied heelwat wat lesenswaardig is. Daar is 'n beoordeling van onder andere die Gereformeerde diensordes, 'n bespreking van die liturgiese ontwikkeling binne die Nederlandse Katolieke Kerk en 'n artikel van die Amerikaanse ds. Hageman oor die Nagmaal.

Dit spreek vanself dat nie alle artikels ewe wel instemming by die leser sal uitlok nie. Tog is dit ook só dat daar eintlik in elke artikel wel dinge is wat die moeite werd is om kennis van te neem.

Soos soveel kere tevore wil ek dan ook hierdie nommer van die Jaarboek hartlik aanbeveel. Mag dit die wye leserskring wat dit verdien ook vind.

— J. I. de Wet.

---

Prof. dr. W. H. Gispen, **Schepping en paradijs,** Verklaring van Genesis 1-3, Kampen 1966.

In hierdie bedeling sal ons seker geen einde sien aan kommentare op die begin van die Bybel nie. Naas verskillende

kommentare op die boek Genesis as geheel bestaan daar kommentare wat slegs op die eerste gedeelte van Genesis toegespits is, op die sogenaamde oergeskiedenis Gen. 1-11, soos die werk van A. Richardson in die **Torch Bible Commentaries,** 31959, en van W. Zimmerli in die serie **Zürcher Bibelkommentare,** 21957. In die werk onder bespreking het prof. Gispen die terrein nog kleiner afgebaken en hy gee in ruim 200 bladsye 'n kommentaar op die eerste drie hoofstukke van Genesis. Die werk word in slegs twee hoofstukke ingedeel, naamlik 1. die skepping en 2. die tuin in Eden en die eet van die verbode boom. Die werk word afgesluit met meer as sewe bladsye verklaring van afkortings en verkorte titels.

Sy metode van verklaring lyk baie op dié van 'n dosent se klasaantekeninge. Beskouing van die groter perikoop gaan aan 'n woord vir woord verklaring vooraf. Verskillende opvattings kom aan die woord en word deur die outeur krities vanuit Gereformeerde standpunt bespreek. Tekenend van sy benadering is sy opmerking dat ons perikoop 1:1-2:3 nie as 'n afsonderlike verhaal besit nie, maar as eerste stuk van die Pentateug en die Heilige Skrif. Die uitleg van Gen. 1:1-2:3 word dan bepaal deur die standpunt wat 'n mens inneem teenoor die Heilige Skrif. „En dat is weer een standpunt van geloof of ongeloof" (p. 6). Die begin en die slot van alle beskouinge oor die skeppings vind hy in Hebr. 11:3: „Deur die geloof verstaan ons dat die wêreld deur die woord van God toeberei is, sodat die dinge wat gesien word, nie ontstaan het uit sienlike dinge nie (p. 17).

Soos verwag kan word, kom die moontlike Mosaïse outeurskap van hierdie eerste hoofstukke ook ter sprake. Dit word wel nie in die wye verband van die outeurskap van die Pentateug bespreek nie, maar resensent vermoed dat laasgenoemde wel die agtergrond vir die diskussie van eersgenoemde vorm. Dit is verbasend hoeveel energie 'n persoon soos E. J. Young daaraan kan bestee om tot die slotsom te kom dat Moses die outeur is van Gen. 1 **(The Interpretation of Genesis 1:2,** deur Gispen op p. 8 aangehaal). Ons is weliswaar nooit daarvan onthef om na die outeur van 'n bepaalde gedeelte of boek te vra nie, maar resensent kan nie die gedagte afskud dat dit wat hierdie gedeelte betref, vrugtelose spekulasie is nie. Ons sal ons maar altyd weer daaraan moet herinner dat dit ou Nabye Ooste nie so in outeurskap geïnteresseerd was as ons nie, omdat die boodskap belangriker was as die outeur. Gispen voel nie daarvoor om Gen. 1 aan 'n bepaalde kring toe te skryf of as produk van 'n lang ontwikkeling te beskou nie, maar vermoed één bepaalde skrywer, tegelyk 'n wyse en priesterlike, wat Moses sou kon wees. „Maar bewijzen kan ik dit niet." (7) Die opmerking van Calvyn dat Moses dit alles be-

skrywe het om ons tot aanbidding van God te bring en wat instemmend deur Gispen aangehaal word, lewer natuurlik geen steun aan die standpunt van die mosaïese outeurskap nie. Ook al sou dit die werk van 'n bepaalde skool of die resultaat van 'n lang ontwikkeling gewees het, of van die hand van watter outeur ookal afkomstig gewees het, sou dit as deel van die Heilige Skrif nie minder geskik gewees het om ons tot aanbidding van God te bring nie. Die Mosaïese outeurskap van die Pentateug in elk geval (waaruit na my beskeie mening al die diskussie oor die outeurskap van die onderdele van die Pentateug voortvloei) is geen Bybelse tradisie nie, maar is via die Jodedom uit die Talmoed (Baba batra 13b) oorgeneem.

'n Ander opmerking van Gispen wat ook nie op universele aanvaarding sal kan reken nie, is dat die **feitelikheid** van die Ou Testament deur die aanvaarding daarvan in die Nuwe Testament vir ons beslissend moet wees. Wat deur Jesus en die apostels as historiese feite aanvaar word, moet ook deur ons aangeneem word (p. 12). Dit skyn my of Gispen daardeur by implikasie enersyds die onfeilbaarheid van die apostels aanvaar en andersyds die klem teveel op die historiese feite as sodanig laat val.

By die behandeling van die afsonderlike woorde en frases bring Gispen gegewens van allerlei aard, sodat ons onder die indruk kom van sy wye belesenheid. Outoriteite van lank gelede soos Delitzsch kry soms 'n langer spreekbeurt as die jongeres. Soms word die aanhalings verby die wesenlike aangegee, sodat 'n mens kritiek sou moet uitoefen op iets wat nie vir die betoog ter sake is nie, soos byvoorbeeld op p. 82 waar Delitzsch se afleidings vir die woord vir „manlik" van 'n wortel **z-k** aangegee word. Na aanleiding van Gen. 2:2 word 'n verband gelê tussen die sewende dag as dag van die voltooiing van die skepping met Jesus se verblyf in die graf die sewende dag (p. 90). Is dit nog eksegese?

'n Voorbeeld van interessante gegewens wat deur Gispen bymekaar gebring is, vind ons op p. 143 waar die herkoms van die Woord Tigris vanuit die Sumeries via die oud-Persies aangegee word, nadat hy onderhoudend oor die identifikasie van die paradysriviere geïnformeer het. Ten slotte was dit vir die resensent 'n verligting om op p. 181vv. die nugtere eksegese van Gen. 3:15 te lees.

Wie veral in die ponering en verdediging van tradisionele standpunte in verband met die boek Genesis geïnteresseerd is, sal die boek van Gispen geniet.

— W. C. van Wyk.